

International General Certificate of Secondary Education
UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA
FIRST LANGUAGE AFRIKAANS 0512/2, 0557/2
PAPER 2 Reading and Directed Writing
OCTOBER/NOVEMBER SESSION 2002

2 hours 15 minutes

Additional materials
Answer paper

TIME 2 hours 15 minutes

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

Write your name, Centre number and candidate number in the spaces provided on the answer paper/ answer booklet.

Answer **all** questions.

Write your answers on the separate answer paper provided.

If you use more than one sheet of paper, fasten the sheets together.

INFORMATION FOR CANDIDATES

The number of marks is given in brackets [] at the end of each question or part question.

Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.

TYD 2 uur 15 minute

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Skryf jou naam, sentrumnommer en kandidaatnommer in die ruimtes voorsien op die afsonderlike antwoordblad/antwoordboek.

Beantwoord **alle** vrae.

Skryf al jou antwoorde in die afsonderlike antwoordboek wat aan jou voorsien is.

Indien jy meer as een bladsy gebruik, bind hulle aan mekaar vas.

INLIGTING VIR KANDIDATE

Die aantal punte word tussen hakies [] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

Versorging van taalgebruik en formulering sal in jou guns tel.

Afdeling 1

Lees die onderstaande twee leesstukke aandagtig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

Leesstuk 1

Werkloos in my fleur ... só moet ek worstel

Gewese hooggeplaaste geleerde se openhartige brief aan Huisgenoot

Ek is 54. 'n Gesonde blanke man wat seker vir die buitestaander suksesvol en benydenswaardig lyk. Ek bly in 'n mooi huis, ry 'n Duitse motor, is getroud met 'n suksesvolle en aantreklike beroepsvrou. Ons het twee dogters, albei professioneel opgelei en suksesvol – kinders op wie 'n mens net trots kan wees. Ek is werkloos. Ek wil geen martelaar wees nie, ek soek nie simpatie nie. Maar ek voel my omstandighede is op 'n manier onregverdig.

Ek praat namens die geslag wat nou in hul vyftigs is, miskien die geslag wat die swaarste begin het, wat die vinnigste bo uitgekrom het. Die staatsdiens was gelaai met ons.

Dis 'n geslag wat nou skielik stelselmatig deur die stelsel geïsoleer word. In die jare wat ons op ons produktiefste sou kon gewees het, waar ons kwalifikasies en ondervinding saam vir 'n baie groot bydrae sou kon gesorg het, word ons weggestoot. Uitgespoeg. Ek weet van duisende wat soos ek sinloos tuis sit.

Mense kyk na my besittings en dink dit gaan goed met my. Maar dis net die reste uit 'n tyd toe ek 'n goeie salaris verdien het. Dit was toe vir my maklik om my kinders te laat leer en met huise en motors te bederf, om mooi dinge vir hulle te koop.

Nou deel ek 'n probleem met baie mense. Werkloosheid. Dis 'n kanker van die gees wat jou van binne af doodmaak.

Ek voel verwerp, hopeloos, hulpeloos, ontoereikend, minderwaardig.

Deur gebed van baie, en gedryf deur persoonlike ambisie om van die armoede van my kinderjare te ontsnap, het ek op 35 'n doktorsgraad verwerf. Ek moes elke vakansie werk om vir my studie te betaal.

In my beroep het ek drasties gevorder, totdat ek op 38 hoof geword het van die organisasie waarvoor ek gewerk het. Ek was ook stadsraadslid en burgemeester, voorsitter en lid van talle rade, kommissies en komitees. Later het ek lid geword eers van die uitvoerende en toe die provinsiale wetgewende strukture.

Ek was 'n werkolis, wat dag en nag gewerk het. Ek en my vrou was gewild en het baie vriende gehad. Ons het mense met hul probleme gehelp, soos om vir die armes kos en klere te laat kry. Ek het in die kollig geleef. Mense het my op die hande gedra.

Maar langamerhand het die besef ontwikkel: ek is nie getrou aan dit waaraan ek regtig glo nie: 'n politieke herskikking in Suid-Afrika oor konvensionele rasgrense heen.

My bedanking was vir my

baie moeilik, en het van die een tot die ander trauma gelei. Baie vriende het stilweg verdwyn – ek het sonder invloed blykbaar nou weinig waarde gehad. Skielik was ek 'n leeggesuigde lemoen. Baie oudkollegas en mense wat ek as vriende beskou het, het my begin behandel asof ek melaats is.

Nou was ek werkloos. Die natuurlike reaksies het gevolg – ontkenning, rasionalisasie en skuldverplasing. Aggressie. Net aanvaarding wil nie kom nie. MY KRISIS het begin toe ek uit my werk bedank het. My krisisbelewenis het begin toe ek besef het my verwagting om weer werk te kry is 'n illusie.

Ek was nie voorberei om hierdie totale katastrofe te hanteer nie. Ek het gedink ek sal sekerlik weer opgeraap word. Met my afskeidspartytjie het my "hoof" immers gesê dis tragies dat die land mense soos ek verloor, en ek het 'n mooi geskenk ontvang.

Ek het begin CV's uitstuur. Honderde. Duisende? Eers het ek aansoek gedoen vir senior posisies – later vir enigiets "waartoe my kwalifikasies en ervaring my in staat stel". Die antwoorde is deurgaans omtrent dieselfde: "Dit spyt ons om u mee te deel ..." en verder "ons het ongelukkig tans nie 'n vakature vir iemand met u profiel en kwalifikasies nie..."

Elke aansoek – elke CV –

wat uitgestuur is, het byvoorbeeld 'n oefening in futiliteit geword. 'n Oefening sonder verwagting.

Elke keer is dit dieselfde – elke keer 'n nuwe messteek deur die hart. Het ek dan verander? Ek is tog immers dieselfde mens wat my oor jare bewys het? Of is ek nie? Beteken my vermoë soos oor jare bewys nou niks omdat iemand met my velkleur nie in aanvraag is nie? "Gelyke geleentheid," sê die advertensies. "Net vir sommiges," is die reaksie.

SLAPELOOSHEID en nagworsteling maak my bang vir donker-word-tyd. Sosiaal onttrek ek my. Ek kan die welmenende vraag: "Wat doen jy nou vir 'n lewe?" nie meer hanteer nie. Ek soek skuiling as ek 'n bekende sien nader kom. Ek is te bang om winkel toe te gaan, sê nou iemand herken my?

My gemoed krimp ineen as ek iemand suksesvol sien wat met sprankel en grasia beweeg en praat en lag. Ek is besig om uitsigloos, selfbeeldloos, energieloos en totaal negatief te word. Die emosies van lag, vreugde, blydschap is lank

vergete.

My denke raak afgestomp – sirkels waaruit ek net nie kan ontsnap nie. Ek betrap my gereeld dat ek aan myself begin twyfel – dat ek myself as totaal ontoereikend en nutteloos begin beleef. Dankie tog vir antidepressante. Dit bring ten minste verligting vir die ondraaglike, totale pre-okkupasie met my probleem en sy vernietigingswerk op my menswees.

Ek begin wonder: as ek so voel, hoe lyk ek? Die oë is immers die vensters van die siel.

Mense verstaan nie in watter haglike emosionele toestand ek is nie. Ek worstel met alles wat ek het teen die kanker in my gees, maar dis stelselmatig besig om my af te takel. Al baklei ek hard daarteen, is ek emosioneel op pad om te swik en te val.

Ek weet van 'n man wat in 'n hoë posisie was en nou werkloos is. Hy het ophou skeer, hy is willoos, hy gaan nêrens meer heen nie. As ek nie daarteen stry nie, sal ek ook so val.

Elke dag staan ek met hoop

op, ek trek aan en kry ek 'n onderhoud, 'n deur oopgaan. Vanaand ek dit het nie gebeur nie. teleurstelling, teleurstelling.

Ek weet dat dit met my baie slegter kan gaan, maar hierdie wete verander ongelukkig nie aan die belewenis van 'n toekomslose en uitsiglose swart niks wat dreig om my in te sluk en te verteer nie.

Waarom skryf ek hierdie dinge?

Miskien as terapie, of selfondersoek op soek na antwoorde, of sommer om namens die meeste werklooses te sê: ons het nog so baie om te gee, om sinvol by te dra. Ons pleit nie vir simpatie nie – miskien vir begrip, vir volgehoue gebed – vir genade en insig om geleentheid wat ons pad mag kruis te kan raaksien en benut.

Vir julle wat werk – doen dit met vreugde en oorgawe, dis voorwaar 'n voorreg wat julle dalk eers leer waardeer as dit nie meer bestaan nie.

*Uit: Huisgenoot,
17 Augustus 2000*

Leesstuk 2

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

AFGEDANK: WAT NOU?**Hoe om weer jou voete te vind**

SES maande gelede is Louw du Toit afgelê. Hy was een van sowat twintig middelbestuurders wat ná die rasionalisasie van 'n bekende onderneming oorbodig verklaar is. Vier maande ná die aflegging is hy in 'n pos by 'n ander organisasie aangestel.

“Aflegging” word wel deur die arbeidsmark effens meer gunstig as “afdanking” bejeën.

Maar wanneer 'n mens “afgelê” word, is daar geen waarneembare graadverskil tussen “aflê” en “afdank” in die ontredde wat jy beleef nie, sê mnr. Karel Hendriks, 'n ander bekende in finansiële kringe wat verkies om anoniem te bly.

Tientalle afgedanktes het in die laaste weke van dié gevoel van ontredde getuig:

“Eers kom daar die aankondiging van rasionalisering in die maatskappy waarvoor jy werk. Onmiddellik is daar 'n gevoel van onsekerheid oor wat met jou pos kan gebeur. Dié onsekerheid kan weke lank duur. Intussen speel jou gevoel wipplank. Een oomblik is jy seker dat daar in die nuwe organisasie vir jou plek sal wees, en die volgende verwag jy die ergste. Wanneer die aankondiging eindelijk kom, is dit nogtans 'n wrede ontnugtering.

‘n Mens is nou in die stadium van jou loopbaan en op dié ouderdom dat jy gevestig is. Skielik is daar van jou loopbaanbeplanning oor jare niks oor nie,” volgens mnr. Du Toit.

Om te verhinder dat bedruktheid en selfs selfmoordgedagtes by 'n afgelegde posvat, is vinnige optrede volgens diegene wat daardeur is, noodsaaklik.

Vir eers is dit 'n onderskraging om te weet dat jy nie alleen afgelê is nie. Aanvanklik is dit 'n verligting om half-sinies en skertsend teenoor kollegas in dieselfde bootjie na die gebeurde te verwys. Mnr. Hendriks sê sy eerste verantwoordelikeheidsgevoel was teenoor sy ondergeskiktes wat saam met hom afgelê is en sy besorgdheid oor hulle het sy aandag aanvanklik van sy eie dilemma afgetrek.

Dié gevoel van samehorigheid kan 'n waardevolle ondersteuningsgroep tot stand bring. Karel en sy kollegas het die oggend ná die

aflegging afgespreek om mekaar by 'n eetplek te ontmoet vir ontbyt. Sodoende is elkeen verplig om hom daardie oggend netjies te klee, asof hy gaan werk. Elkeen het iets bepaalds gehad om te doen en het nie in die versoeking gekom om tot elfuur die oggend in kamerjas en pantoffels deur die huis te dwaal nie.

Een van die mees traumatiese take wat vir 'n afgelegde voorlê ná hy die nuus verneem het, is om die nuus aan sy gesin, familie en vriende oor te dra. Die eggenote van een afgelegde sê sy het haar op baie rampe voorberei, soos die moontlike dood van haar man en ouers, die siekte van 'n kind, 'n huis wat kan afbrand, gesteelde besittings. Maar nooit vir die uitwerking van werkloosheid op 'n gesin nie.

Daarom is die eerste stap na aflegging op die pad na 'n nuwe lewe die samestelling van 'n ondersteuningsgroep. Vir sommiges bestaan die groep uit mense in dieselfde omstandighede. Vir ander uit mense in dieselfde kerk en vir ander 'n groep vriende. Talle afgelegdes getuig daarvan dat hul ondervinding minder traumaties was danksy hul geloof en dat daar inderdaad 'n verdieping in hul geestelike lewe gekom het. Daarbenewens het betrokkenheid by die gemeenskap en kerk vir minstens twee top uitvoerende hoofde die netwerk gebied om binne vier maande in top poste aangestel te word.

Naas die ondersteuningsgroep is 'n afgelegde se tweede prioriteit om in die eerste paar dae of weke besig te bly. Gedagtes van nuttelosheid en radeloosheid dreig om 'n mens te oorval wat twintig jaar lank gewoon was daaraan om soggens ligdag op kantoor te wees en ná 'n bedrywige tien uur donker tuis te kom, met 'n aktetas vol werk.

Die volgende stap wat 'n afgelegde moet doen, is om 'n finansiële plan vir die volgende ses maande op te trek. Drie scenario's is moontlik: 'n Afgelegde amptenaar kan in 'n pos by 'n ander maatskappy aangestel word voor die een tot vier maande wat deur sy finansiële pakket gedek word, verstryk; hy kan in 'n afgeskaalde pos aangestel word wat hom verplig

om sy lewenspeil by 'n laer inkomste aan te pas; of hy kan geen werk vind nie.

Afgelegdes se raad is om eers met personeelkonsultante in aanraking te kom om te bepaal wat die behoefte van die arbeidsmark aan bepaalde vaardighede en ervaring is. Verneem hoeveel maande dit in die huidige omstandighede kan duur voor nuwe geleenthede hom kan voordoen en tel dan nog drie maande daarby. Die vraag is dadelik of 'n mens so lank jou finansiële verpligtinge kan nakom.

'n Vinnige bestekopname van verpligtinge soos verbandpaaierente, versekeringspolisse, annuïteite, motorbetalings, huishoudelike uitgawes wat kos, klere en die salarisse van huishulpe en die tuinier insluit, bring gou die werklikheid tuis dat min broodwinners langer as ses maande sonder 'n inkomste kan leef.

Daar is meningsverskil by die afgelegdes met wie F&T gepraat het oor hoe gou 'n gesin uitgawes moet begin besnoei. Een mening is dat normaliteit sover moontlik behou moet word, maar uitgawes moet tot die basiese noodsaaklikhede beperk word.

Die geskiedenis van iemand wat afgelê is, kan 'n treurige einde hê, maar almal met wie F&T in aanraking was, getuig daarvan dat die ondervinding hulle sterker en dikwels meer gelowige mense gemaak het. Mnr. Du Toit sê elke pos het negatiewe aspekte, maar ná sy aflegging is hy weer eens diep bewus van die

voorreg wat 'n mens het om te kan kies. Hy kan minimiseer hy die minder aangename aspekte van sy huidige pos.

Van die afgelegdes het drie reeds hul eie ondernemings begin, twee baie onlangs. Dit is 'n uitdaging om vir eie rekening te werk en die verwagting dat die gehalte van hul gesinslewe sal verbeter danksy betrokkenheid van vrou en kind, vind hulle meer bevredigend as bevordering in die verlede.

Vir 'n eggenote, kinders, vriende en familie is daar ook veel te leer uit die ondervinding. Daar moet 'n verstandhouding wees dat die afgelegde 'n mate van onafhanklikheid moet behou oor die besluite wat hy neem. Welmenende familie wat advertensies oor poste aandra en goedbedoelde raad gee, kan ook baie irriterend wees, terwyl 'n eggenote en kinders hul bekommernis so goed moontlik moet probeer wegsteek. Goeie kommunikasie tussen gesinslede is noodsaaklik om te verhinder dat molshope berge word, sê die psigiater.

Mnr. Redelinghuys sê Suid-Afrikaners het hul as taai en ook aanpasbare mense bewys. Soos mense se werkbenadering in dié tyd van afleggings verander, sal hul selfvertroue verbeter omdat hul beroepslewe en finansiële heil nie langer van die wel en wee van 'n groot organisasie afhang nie.

-Annelize Slabbert

Uit: Finansies & Tegniek, 29 Mei 1992

- 1 (a) Lees die stukke albei aandagtig deur en skryf die belangrikste ooreenkomste en die inhoud van hierdie twee leesstukke volgens jou oordeel neer. Wanneer jy die ooreenkomste bespreek, moet jy feite kan gebruik om jou stellings te staaf.

Jou antwoord moet uit ongeveer **200-250** woorde bestaan. Dui die aantal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan. [10]

- (b) Bespreek kortliks maniere in leesstuk 2 waarop werkloses/afgedanktes weer hul voete kan vind. Skryf ongeveer **150** woorde en dui die aantal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan. [10]

- 2 Jy is 'n persoon wat onlangs jou werk verloor het. Skryf 'n kort briefie van **150-200** woorde aan die briewerubriek van 'n tydskrif waarin jy kortliks vertel wat dit aan jou menswees gedoen het.

Dui die aantal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan. [20]

Afdeling 2

- 3 Jy is 'n bekende motiveringspreker. Jy is uitgenooi om 'n motiveringstoetspraak te gaan hou vir 'n groep mense wat afgedank is. Skryf jou toespraak in ongeveer **250** woorde.

Dui die aantal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan. [20]

